

Dinsdag 4 Julie

Skrifgedeelte: Kolossense 1:3–14 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Kolossense 1:9–10

Die regte kennis moet lei tot die regte lewenswyse

Paulus is in die tronk in Rome. Een van sy medewerkers, Epafraas, het vir hom goeie nuus gebring oor die gelowiges in die stad Kolosse. Epafraas het vertel van hulle geloof (1:4) en “die hoop wat vir hulle weggelei is in die hemele” (1:5) en hulle liefde (1:8). Hierdie goeie nuus bring Paulus op sy knieë. Hy dank God (1:3) vir die goeie berigte oor die gelowiges in Kolosse.

Let op: Paulus begin nie om die *gelowige* te prys oor dié mooi dinge nie. Al die mooi dinge wat gelowiges doen, is maar net die bewyse van God se genade wat in ons werk! Daarom moet Hy altyd geprys word oor die mooi dinge wat jy elke dag doen!

‘n Gelowige mag egter nie vassteek by ’n klompie mooi dinge wat jy reeds doen nie. Jy moet altyd aanhou groei in die goeie dinge wat jy doen. Dit moet elke dag méér word. Daarom bid Paulus dat die gelowiges “vervul mag word met die kennis van sy (God se) wil in alle wysheid en geestelike insig” (1:9). Hierdie “vervul mag word met die kennis” van God se wil móét duideliker sigbaar word. Daarom die bede dat gelowiges “waardiglik voor die Here mag wandel” en dat ons in “elke goeie werk vrug mag dra” (1:10).

So bid Paulus dat gelowiges wat deur die genade van die Heilige Gees die regte kennis van God se wil verkry, ook hierdie kennis sigbaar sal gebruik deur op die regte manier te lewe. Die regte kennis van God se wil móét immers die regte lewenswyse tot gevolg hê.

Sing: Psalm 25:2, 6 (1936)

Ds. AP (Abraham) Krüger (Welkom/Virginia/Bothaville)